Liewe vriende

In die vorige brief het ek genoem dat ons met 'n **moeilike uitdaging** te doen het:

Die tyd van die jaar wanneer almal besig is om vir die afsluiting gereed te maak, het ons ook met 'n ander soort afsluiting te doen:

Vir die afgelope byna 20 jaar het Moreleta NG Gemeente ons werk ondersteun; die vennootskap het dit moontlik help maak dat die VGK Gemeente Gobabis vir my as hulle leraar kon onderhou - met Moreleta wat die sendingwerk-gedeelte geborg het. Die bydrae van Moreleta het al geruime tyd stelselmatig verminder; Onlangs het Moreleta ons laat weet dat dit **einde van die jaar heeltemaal gestaak** gaan word (die rede is agteruitgang in Moreleta se inkomste).

Vir heelwat jare al is ons persoonlike inkomste ver onder die peil. Die onttrekking van Moreleta laat ons met nog 'n groot hap.

Nou is ons uitdaging - in gebed en harde werk - om ons sending-fonds (Omaheke Gospel Trust) sterker te maak en die **ontbrekende gedeelte daaruit aan te vul**. Ons is baie dankbaar vir vriende wat reeds gereeld tot die fonds bydra. Ons vertrou dat die Here mense sal byvoeg wat kan onderneem om standhoudend by te dra - hoewel eenmalige bydraes natuurlik ook help.

Ek gee graag hier onder die bankbesonderhede.

As iemand graag wil gesels of meer inligting verlang, gesels gerus.

Dankie vir almal wat help om ons bestaan en hierdie werk 'n werklikheid te help maak!

Vrede

Henk

Omaheke Gospel Trust, Bank Windhoek, Gobabis Tak 481172, rekeningnommer 1147595201